# SPEAK LIFE IV:  The conversation between you and me

**Spreuke 18:21 "Die tong het mag oor dood en lewe; die wat lief is om te praat sal die gevolg dra."**
**"The tongue has the power of life and death, and those who love it will eat its fruit." (NIV)**

## Saambid

Begin hierdie bybelstudie weer deur eers saam te bid. (*Die hele reeks gaan oor die impak van ons woorde, en in gebed het ons 'n geleentheid om 'n verhouding te herstel met nuwe woorde...)*

- **Dankie sê:** Gee vir elkeen kans om vir die Here dankie te sê vir net een saak
- **Belydenis**: Gee vir elkeen kans om een saak te bely – *as julle vrymoedigheid het, hardop, anders in stilgebed – dit bied elkeen die kans om baie eerlik te wees (onthou: die Here weet in elke geval wat dit is)*
- **Voorbidding:** Gee vir elkeen kans om vir die Here te vra vir net een saak

## Saamlees

**Hoe het jy die afgelope maand gegroei in jou woorde?**
**Wat het jy geleer?**

**Lees***:* **Matteus 12:33-37**

- Wat wil hierdie gedeelte vir ons leer is **die oorsprong van verkeerde goed wat ons sê?**

*My woorde verklap wat leef in my hart, watter karakter ek het...*

- Watter **waarskuwing** is daar in **v 37?**

**Lees: Spreuke 18:21** in beide die Afrikaans Bybel en die NIV (New International Version)

- Wat wil hierdie gedeelte vir ons leer is **die resultaat van die woorde wat oor ons lippe kom?**

- **Hoe het julle dit al prakties ervaar in julle lewens** dat woorde verhoudings bou of breek**?**

## Saampraat

**Watter ongelooflike potensiaal het ons woorde nie om te bou** in die lewe van mense nie. As ons net kan leer om opbouend te praat, omdat ons baie makliker kritiseer en oordeel en "nag" en lelike goed sê as ons in woede reageer.

- Watter positiewe woorde het die afgelope tyd jou opgebou?

- Watter positiewe goed het jy die afgelope tyd vir ander gesê?

**Hoe plaas ons met woorde en gedagtes mense in blokkies?** (Wat natuurlik mense ook afbreek, bv op grond van geslag, ras, ouderdom, gedrag, selfs seksuele oortuiging)

Voltooi bv hierdie sinne om te wys hoe maklik loop ons met voorop-ingestelde idees rond:

- Vrouens is mos altyd...
- Mans is gewoonlik...
- Anderskleuriges kan nie...
- Iemand wat so optree (bv rook, drink, vloek) is gewoonlik...

**Ons mag nie oordeel nie** – ook nie in die manier hoe ons praat oor mense nie – *dit verklap mos ons karakter* - en tog doen ons baie gereeld en baie maklik! Ons mag nie mense in blokkies plaas of dink ons is beter nie.

Hoe het Jesus teenoor verskillende mense opgetree? (Dink aan spesifieke voorbeelde...)

- Bv moordenaar aan die kruis
- Siek mense
- Sondaars

**God wil ons gesprekke gebruik om lewe te spreek oor mense en in situasies**... Die volgende 3 vrae kan ons help om meer opbouend in gesprekke te wees.

1. Wat kan ek sê wat in hiedie situaie gaan **bou**, **ondersteun, bemoedig, versterk – wat gaan opbou**?
2. **Wat het God al gesê** wat ek kan bevestig? *Watter beloftes het Hy al vir my oor hierdie saak en hierdie persoon gegee?*
3. **Is hier vir my hier 'n kans om vrygewig te wees**? *Van myself, my tyd, my bronne te gee...? Dit is gewoonlik nie die norm nie... maar dink net wat is moontlik as ons dit gaan begin doen?*

### GROOT UITDAGING VIR DIE WEEK:

- ***Maak tyd om hierdie week die Here te vra om jou te help om minder krites en hard op mense te wees en meer te dink hoe kan jy mense met woorde opbou.***

- ***Leer om vir jouself die 3 vrae gereeld in gesprekke te vra:***

    - ***Wat kan ek sê wat persoon gaan opbou?***
    - ***Watter beloftes kan ek op staan?***
    - ***Wat het ek om te gee wat gaan help?***

## Afsluiting

**Bid weer saam en vra die Here om julle met hierdie week se challenge/uitdaging te help... om na 'n ander stem oor ons en in ons harte te luister.**